**PASTORALE BERADINGSKURSUS**

***DIE DIGITALE IMPAK OP KINDERS EN JONGMENSE***

***PRAKTIESE EN PASTORALE RIGLYNE***

**WOENSDAG 10 JUNIE 2026 - ZOOM AANBIEDING**

**Prof Wentzel Coetzer**

Die ontwikkeling van die Internet en die positiewe bydrae wat dit kan lewer op verskillende terreine is fenomenaal – tog is die moontlike negatiewe invloed ook oorweldigend. Dit kan olie op die vuur wees van reeds bestaande verslawings of verkeerde lewenstyl keuses en sodoende ontwikkel tot ‘n vernietigende invloed met dieselfde krag as ‘n tsunami.

Veral sedert 2012 was daar volgens Prof Jonathan Haidt, ʼn kundige op die terrein van die sosiale sielkunde, ʼn massiewe toename van geestesprobleme onder jongmense. Hospitaal opnames as gevolg van selfbesering het met 62% toegeneem onder ouer tiener meisies, en met 'n skokkende 189% onder meisies tussen 10 en 14 jaar. Die selfdoodsyfer onder hierdie jong groep het ook meer as verdubbel. Haidt wat wys ook op 'n beduidende korrelasie (0.2) tussen sosiale media-gebruik en depressie, spesifiek by meisies.

Verder is die toenemende tendens die afgelope aantal jare in talle lande om strenger maatreëls deur middel van wetgewing te formuleer ter beskerming van die geestes-toestand van kinders en jongmense – hiermee saam ook al strenger maatreëls om oormatige gebruik van elektroniese toestelle in skole aan bande te lê.

Teen bovermelde agtergrond sal daar in hierdie kursus ten slotte ook gefokus word op ʼn aantal praktiese en pastorale riglyne aan almal wat betrokke is by die begeleiding van kinders en jongmense met betrekking tot die digitale wêreld.

**Kursus oop vir almal**

**Datum:** Woensdag 10 Junie 2026.

**Tyd:** 09.00 – 13.00

**Akkreditering:** VBO, CPSC en AFM PCD punte

**Koste:** R300 pp (R45 ekstra vir inskrywings uit Namibië en die buiteland as gevolg van bykomende bank heffings)

**Handboek te koop (opsioneel):** R370 (R250 plus R120 vir koerier)

**Navrae:** 0836600409 (ook WhatsApp) of e-pos: wentzelc@gmail.com

**Volg die kursus op ʼn later datum:**

Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna ʼn skakel ontvang om op enige later datum weer die kursus te kan volg.

**Om te bespreek vir die kursus:** Klik op die volgende skakel:

https://forms.gle/qwyAvzVkAWYRFE3n8